

21 September

Skrifgedeelte: Jeremia 48:1-25

Fokusgedeelte: Jeremia 48:11-12

Wyn wat oorgegooi is

“Wat het gebeur?” Hierdie vraag so vol ontsteltenis (vers 19) kan my en jou vraag vandag wees. Ja, wat hét eintlik gebeur – met my, met ons almal – in hierdie geharwar van gebeurtenisse rondom ons? Ek soek nie net ‘n relaas van feite oor daardie skokkende voorval nie. Ek soek die sín daarvan. Wat wil Gód vir my daardeur sê?

Met ‘n aangrypende beeld gee die Here in ons fokusverse ‘n antwoord hierop: Ons is soos wyn wat van een kruik in die ander oorgegooi word. In Bybelse tye was die oorgooi van die wyn deel van die proses waarvolgens wyn gemaak is. Die druiwe word in ‘n groot houer getrap. Die skuimende druiwesap word dan ‘n ruk lank “ongestoord” (vers 11) in die houer gelaat om ‘n afsaksel, die droesem, vorm. Die sap moet egter nie te lank so bly staan nie, want die wyn moet van die afsaksel afgeskei word. Die wyn, wat nou bo lê, word in ‘n ander houer oorgegooi. Hierdie oorgooi “van een kruik in ‘n ander” hou oor ‘n lang tydperk aan ... totdat daar so min moontlik afsaksel in die wyn oorbly. Dan kry jy goeie, beleë wyn. As die wyn nie oorgegooi word nie, sit jy met ‘n suur, bitter wyn vol afsaksel. Dan kan jy regtig sê (vers 11), “sy smaak het dieselfde gebly, sy geur het nie verander nie.” Hy proe en ruik nog net so bitter soos die droesem waarvan asyn gemaak word!

Moab is nooit soos goeie wyn “van kruik tot kruik” oorgegooi nie. Hy het ongestoord en rustig deur die eeue heen in sy beskutte landjie voortgegaan om sy wingerde te verbou, maar natuurlik ook om sy afgode, soos Kemos, te aanbid! Moab het nie invalle van buite beleef nie. Hy het nie soos sy buurlande, Israel en Juda, die oorgooiproses van ‘n ballingskap deurgemaak nie. Moab is in sy geskiedenis nooit pynlik ontwrig nie. Hy was – veilig in sy gemaksones – soos wyn wat op sy afsaksel bly lê het. Nou kondig die Here ‘n verskriklike oordeel oor hierdie gearriveerde, maar bitter-geworde volk aan (vers 12): Die Here self sal “wynuitgooiers” na Moab stuur en “hulle sal sy kruike leegmaak, sy wynkanne stukkend slaan.”

Dit is genade wanneer God jou en my as sy kinders soos wyn oorgooi. Natuurlik is dit nie maklik nie. Dit is natúúrlik pynlik as ‘n gelowige dit soos Job moet uitkerm (Job 16:12): “Ek het rustig gelewe, toe versteur God my rus ...” Ken ek en jy dit nie maar alte goed nie – daardie kere toe God met bitter-hartseer gebeurtenisse “rusversteurend” in ons lewens ingegryp het? Dit laat ons dikwels ontredder staan en vra: “Wat is die sin hiervan?” God antwoord: “Besef jy dit nie, my kind? Dis om die bitterheid, die ‘asyn-geworde afsaksel’, uit jou lewe uit te neem. Daarom gooi Ek jou so oor.”

Dr PP Kruger (Meyerspark)